



## WYNSKOU KATALOGUS WINE SHOW CATALOGUE

### **REëLS EN REGULASIES GEÏNKORPOREER** **INCORPORATING RULES AND REGULATIONS**

#### **2020 PROGRAM / PROGRAMME**

<b><i>Sluitingsdatum inskrywings – Streek (sien punt 1):</i></b> <b><i>Closing date entries – Region (refer point 1):</i></b>	<b>5 Aug 2020</b>
<b><i>Sluitingsdatum inskrywings - SANWSV (sien punt 1):</i></b> <b><i>Closing date entries - SANWSA (refer point 1):</i></b>	<b>5 Aug 2020</b>
<b><i>Inlewering van monsters -Streek (sien punt 4):</i></b> <b><i>Samples to be delivered - Region (refer point 4):</i></b>	<b>24 Aug 2020</b>
<b><i>Inlewering van monsters - SANWSV (sien punt 4):</i></b> <b><i>Samples to be delivered - SANWSA (refer point 4):</i></b>	<b>25 Aug 2020</b>
<b><i>Beoordeling van wyne/Judging of wines:</i></b>	<b>31 Aug - 4 Sept 2020</b>
<b><i>Bekendstellingsfunksie/Award Ceremony:</i></b>	<b>TBC</b>

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE WYNSKOUVERENIGING (SANWSV)**  
**SOUTH AFRICAN NATIONAL WINE SHOW ASSOCIATION (SANWSA)**

✉ Suite 151, Privaatsak X3041, Paarl 7620 / Stasiestraat 5c, Suider Paarl 7646

☎ 021 863 1599 | 📠 021 863 1552

✉ [info@veritas.co.za](mailto:info@veritas.co.za) | [www.youngwineshow.co.za](http://www.youngwineshow.co.za)

## PROSEDURES

**Inskrywingsvorme moet volledig ingevul en monsters moet korrek gemerk en verpak wees. SANWSV aanvaar geen verantwoordelikheid vir foutiewe inskrywings, verpakking of die merk van kartonne nie en sulke inskrywings sal gediskwalifiseer word.**

### 1 Sluitingsdatum vir inskrywings

- **Woensdag 5 Augustus 2020 om 12:00** by die onderskeie streekswynskou-verenigings. **Deelnemers wat lid van 'n Streekswynskouvereniging is, moet deur die betrokke vereniging inskryf.**
- **Woensdag 5 Augustus 2020 om 12:00 by SANWSV.** Deelnemers wat nie lid is van 'n Streekswynskouvereniging nie, skryf direk by SANWSV in. (Inskrywings van individuele deelnemers asook van die onderskeie streekswynskoue moet SANWSV voor of op hierdie datum bereik.)

### 2 Inskrywingsfooie

#### 2.1 Inskrywing deur die streek:

**R360.00+R54.00 BTW (R414.00)**

- **Wynskouverenigings sal self inskrywings-fooie vir elke streek bepaal.**
- **Betaling moet aan die onderskeie wynskou-verenigings gedoen word. Belastingfakture sal aan die streek uitgereik word en nie aan individuele deelnemers nie. Streke sal belastingfakture aan deelnemers uitreik.**

#### 2.2 Inskrywings by SANWSV:

**R720.00 + R108.00 BTW (R828.00)**

- **Betaling moet aan SANWSV gedoen word. Belastingfakture sal uitgereik word.**

#### 2.3 Inskrywingsfooie word nie terugbetaal indien 'n wyn onttrek of gediskwalifiseer word na 5 Augustus 2020 nie.

### 3 Etikette

- **Etikette met die klas- en wynnommer sal teen Donderdag 13 Augustus 2020 aan die streke (en individuele deelnemers soos van toepassing) gestuur word**
- **Die deelnemer sal verantwoordelik wees vir die etikettering van monsters.**

### 4 Monsters

- **Ongeëtiketteerde 750ml bottel met ongemerkte skroef- of kurksluiting kan gebruik word**
- **Ses bottels van elke inskrywing moet gelewer word**
- **Elke klas se monsters (ses bottels) moet afsonderlik per klas in 'n **ongemerkte karton** verpak word en die naam van die deelnemer, klas en wynnommer moet op die karton aangebring word**
- **Ten minste 24 bottels moet beskikbaar wees vir die bekendstellingsfunksie en streeks-wynskouaanbiedings.**

#### 4.1 Inhandiging van monsters

- **Maandag 24 Augustus 2020 vanaf 08:30 tot 16:00** by die onderskeie streke soos van toepassing (verwys na streeksinligting)
- **Dinsdag 25 Augustus 2020 vanaf 08:30 – 16:00** by Nederburg (Pinotage paviljoen), Paarl. (Monsters van die onderskeie streekswynskouverenigings, asook van deelnemers wat direk by SANWSV inskryf)  
**Geen laat monsters sal aanvaar word nie.**

### 5 Trofeë

#### 5.1 SA Nasionale Kampioenskapstrofeë sal in die volgende afdelings toegeken word:

Witwyn: Droë wit versnitwyn, Chardonnay, Chenin blanc, Sauvignon blanc, Semillon, Ander wit kultivar, Natuurlike Soet witwyn, Edellaatoeswyn

## PROCEDURES

**Entry forms must be completed in full and samples must be packed and labelled correctly. SANWSA will bear no responsibility for incorrect entries, packaging of samples or the labeling of cases and these entries will be disqualified.**

### 1 Closing date of entries

- **Wednesday 5 August 2020 at 12:00** at the different regional wine show associations. **Competitors who is a member of a Regional wine show association, must enter through the association.**
- **Wednesday 5 August 2020 at SANWSA.** Competitors who are not a member of a Regional wine show association, can enter directly at SANWSA. (Entries from individual competitors as well as from the different regional wine shows must reach SANWSA by this date).

### 2 Entry fees

#### 2.1 Entries through the Region:

**R360.00+R54.00 VAT (R414.00)**

- **Each regional wine show associations will announce entry fees for their region.**
- **Payment must be made to the appropriate wine show association. Tax invoices will be issued to the wine show association and not to individual competitors. The Regions will issue vat invoices to competitors.**

#### 2.2 Entries to SANWSA:

**R720.00 + R108.00 VAT (R828.00)**

- **Payment must be made to SANWSA. Tax invoices will be issued.**

#### 2.3 No entry fees will be refunded if a wine is withdrawn or disqualified after 5 August 2020.

### 3 Labels

- **Labels with the class- and wine number will be issued to the regional secretaries (and individual competitors where applicable) by Thursday 13 August 2020**
- **Competitors will be responsible for the labelling of all samples.**

### 4 Samples

- **Unlabelled 750ml bottle with unmarked metal or cork closures may be used**
- **Six bottles of each entry must be submitted**
- **The samples (six bottles) to be entered in each class, must be packed separately in an **unmarked box** and the name of competitor, class and wine number must be indicated on the case**
- **At least 24 bottles must be available for the award ceremony and the regional wine shows.**

#### 4.1 Delivery of samples

- **Monday 25 August 2020 from 08:30 – 16:00** at the different regions as applicable (refer to the regional information)
- **Tuesday 25 August 2020 from 08:30 – 16:00** at Nederburg (Pinotage pavilion), Paarl. (Samples from the above-mentioned wine regions, as well as those of competitors who enter directly to SANWSA).  
**No late samples will be accepted.**

### 5 Trophies

#### 5.1 SA National Champion Trophies will be awarded in the following categories:

White Wine: Dry white blend, Chardonnay, Chenin blanc, Sauv blanc, Semillon, Other white cultivar, Sweet white, NLH

Rooiwyn: Droë rooi versnitwyn, Cabernet Sauvignon, Merlot, Pinotage, Shiraz, Ander rooi kultivar  
Versterkte wyn: Port, Dessertwyn, Muscadel  
Groot Kampioenwyn

- 5.2 Inligting rakende die streekswynskou-toekennings kan by die onderskeie wynskouverenigings verkry word.  
*NB: Deelnemers wat direk by SANWSV inskryf, sal nie in aanmerking kom vir Streekstoekennings nie.*

## 6 SANWSV-UITSLAE

Datum vir bekendmaking van uitslae sal gefinaliseer word.

### REÛLS EN REGULASIES

- 1 Alle wyne wat ingeskryf word, moet voldoen aan die vereistes van die Wet op Drankprodukte (Wet 60 van 1989) en enige regulasie daarkragtens uitgevaardig.

*Droë wyn: Die RS van die produk sal nie meer as 5,0g/l of nie meer as 9,0g/l wees as die TA nie meer as 2,0g /l verskil nie.*

- 2 Geen wyn wat oorspronklik in dieselfde houer was, mag nadat dit na verskillende houers oorgeplaas is, in meer as een klas ingeskryf word nie. Chemiese ontledings en sintuiglike beoordeling sal in gevalle waar oortreding van die reël vermoed word, aangewend word om die nodige beheer te ondersteun.

- 3 'n Houer mag slegs een keer op sy eie ingeskryf word.
- Nadat 'n houer een keer op sy eie ingeskryf is, mag dit in 'n mengsel met een of meer ander houers vir een verdere inskrywing in die versnitklasse **1 - 5, 25 - 29, 49 - 53, 85, 91 en 92** gebruik word. Sodanige verdere inskrywings kan slegs gemaak word indien die oorspronklike houer nie meer as **85%** van die versnit uitmaak nie
  - Indien 'n houer nie op sy eie ingeskryf word nie, mag dit in twee mengsels met een of meer ander houers ingeskryf word in enige twee klasse mits aan die vereistes van die twee klasse voldoen word

- 4 Nadat 'n houer een keer op sy eie gebruik is, en een keer in 'n mengsel onderhewig aan die voorafgaande reëls, mag geen verdere inskrywing uit die houer gemaak word nie.
- Indien 'n spesifieke houernommer meer as een keer ingeskryf word omdat daar vroeër wyn uit die houer verwyder is en ander wyn daarin gepomp is, moet die spesifieke houernommer gevolg word deur A, B, C, ens tot soveel kere die houer gebruik word vir oortap van verskillende wyne

- 5 Waar 'n houernommer egter meer as een keer op die inskrywingsvorm voorkom en aangedui word deur A, B, C, ens. moet die houernommer van die voorafgaande houer en die datum waarop die oordraging plaasgevind het op die bylae tot die inskrywingsvorm ingevul word, sodat die kontrole sinvol toegepas kan word.

- 6 Wyne in klasse **25 - 42, 44, 47 - 48, 50, 52, 78 en 79** mag versoet wees met druiwesap of druiwesapkonsentraat, mits dit as sulks uit een houer ingeskryf word.

- 7 Wyne in die klas vir Rosé mag 'n versnit wees tussen wit- en rooiwyn, mits dit as sulks uit een houer ingeskryf word.

- 8 In die ander klasse mag meer as een houer teoreties bymekaar gevoeg word om vir die inskrywing te kwalifiseer, met die voorbehoud dat aan reëls 6 en 7, waar van toepassing, voldoen word.

Red Wine: Dry red blend, Cabernet Sauvignon, Merlot, Pinotage, Shiraz, Other red cultivar,  
Fortified Wine: Port, Dessert wine, Muscadel  
Grand Champion Wine

- 5.2 Information regarding the regional wine show awards can be obtained from the different regional wine show associations.  
*NB: Competitors who enter directly to SANWSA, will not be considered for this awards.*

## 6 SANWSA RESULTS

Date for the announcement of the results will be confirmed.

### RULES AND REGULATIONS

- 1 All wines entered must comply with the requirements of the Liquor Products Act, (Act 60 of 1989) and any regulation issued in compliance thereof.

*Dry wine: The RS of the product shall not exceed 5,0g/l or not exceed 9,0g/l, if the TA difference is below 2g// RS.*

- 2 Wine from a specific container, which has been subsequently transferred to other containers, may not be entered into more than one class. Chemical analyses and sensory judging will be used to assist in verification, in cases where contravention of the regulation is suspected.

- 3 A container may be entered only once on its own.
- After a container has been entered once on its own, it may be used in a blend with one or more containers for one further entry in classes **1 - 5, 25 - 29, 49 - 53, 85, 91 and 92**. Such an entry can only be made if the original container does not constitute more than **85%** of the volume of the blend.
  - If a container has not been entered on its own, it may be entered in two blends with one or more containers in any two classes provided that it complies with the requirements of these two classes.

- 4 After a container has been used once on its own and once in a blend, subject to the preceding rules, no further entries may be submitted from the container.
- If a specific container is entered more than once, because wine was previously removed from the container and other wine pumped into it, the specific container number must be followed by A, B, C, etc for as many times as the container is used to transfer of different wines.

- 5 However, where a container number appears more than once on an entry form, and is indicated by A, B, C, etc the container number of the preceding container and the date of transfer must be recorded on the appendix to the entry form. This will help ensure proper control.

- 6 Wines in classes **25 - 42, 44, 47 - 48, 50, 52, 78 and 79** may have been blended with grape juice or grape juice concentrate, provided they are entered as one container.

- 7 Wines in the class for Rosé may be a blend between white and red wine, provided they are entered as one container.

- 8 In the other classes more than one container may theoretically be blended to qualify for the specific class, provided that entries comply with rules 6 and 7, where applicable.

9 Slegs wyne wat in terme van regulasies 4 en 5 van Wet nr 60 van 1989 en onder toesig van die Wyn-en-Spiritusraad gemaak is, mag in die klasse vir Spesiale Laatoes-, Edellaatoes- en Blanc de Noir-wyne ingeskryf word en die ooreenstemmende WS-nommer moet op die inskrywingsvorm aangedui word.

**Wyne wat onder WS-aansoeke berei is as Edellaatoeswyne mag egter slegs in die Edellaatoesklasse ingeskryf word.**

10 By die kultivarklasse moet die wyn van minstens **85%** van daardie kultivar gemaak wees en die ooreenstemmende WS- of WSB-nommer, waar van toepassing, moet op die inskrywingsvorm ingevul word. In gevalle waar kultivarwyne egter nie onder kontrole van die Wyn-en-Spiritusraad berei is nie, moet 'n verwysing na 'n aanvaarbare goedgekeurde rekordstelsel wat deur die deelnemer in sy kelder gehou moet word, op sy inskrywingsvorm aangedui word.

11 In die versnit wit-en rooiwynklasse (**klasse 1 - 5, 25 - 29, 49 - 53**) mag slegs wyne wat 'n **versnit van twee of meer kultivars is**, ingeskryf word en mag geen kultivar **meer as 85%** van 'n versnit beslaan nie.

11.1 *In die ander wit/rooi muskaat klasse (**klasse 91 + 92**) kan dit ook 'n versnit van rooi en wit kultivars insluit.*

12 Waar twee of meer kultivars saam gepars is, moet die verhouding van elke kultivar op die inskrywingsvorm aangedui word.

#### 13 ANDER KULTIVARS

Enige kultivar wat in Tabel 1 volgens Regulasie 2 van die Wet op Drankprodukte (Wet Nr 60 van 1989) vermeld word, waarvoor nie 'n spesifieke kultivarklas bestaan nie, mag in die klasse **20 - 22, 36 - 42, 76 - 79** vir ander kultivars ingeskryf word.

14 **Deelnemers kan enige getal wyne per klas inskryf – getal inskrywings per klas word nie meer beperk nie.** In die klasse vir ander kultivars (**20 - 22, 36 - 42, 76 - 79**) en kultivar versnitte (**klasse 1 - 5, 25 - 29, 49 - 53, 85, 91 en 92**) moet die wyne egter van **verskillende enkel kultivars of verskillende versnitte** gemaak wees.

15 **Geen aangekoopte wyne** mag vir deelname aan die Jongwyskou ingeskryf word nie en kelders wat aangekoopte wyn hanteer, moet 'n volledige rekordstelsel en stawende dokumente in verband met die wyne wat hulle inskryf, hou.

16 Deelnemers moet inskryf onder **die produsentenaam in die streek** waaronder hulle by SAWIS geregistreer is. Druifprodusente wat van 'n kelder en wynmaker in sy eie streek, of in 'n ander streek as vanwaar die druiwe vandaan kom, gebruik om die wyn te maak, mag die wyn onder sy produsentenaam inskryf, indien dit deur sy eie streek toegelaat word. Indien gevalle waar die streek dit nie toelaat nie, kan die produsent direk by SANWSV inskryf.

17 Die ingeskrewe wyne moet die produk van die **2020-oes** wees en uitsluitlik gemaak deur die mededingende wynmakery in 'n kelder wat by SAWIS geregistreer is vir die bereiding van wyn.

18 Alle wyne (enkel kultivars en versnitte) wat ingeskryf word, moet aanvanklik uit 'n houer kom wat minstens **900 liter** verteenwoordig. In die Edellaatoeswyn-klasse **45 en 46** moet die aanvanklike houer minstens **500 liter** wees. In die geval van klasse met merkbare houtkarakter moet die oorspronklike volume van die inskrywing dus ook ten minste **900 liter** in 'n enkel houer gewees het en die ingeskrewe monster verteenwoordigend uit die vate saamgestel word, behalwe as

9 Only wines, which comply with the requirements of Regulations 4 and 5 in terms of Act 60 of 1989, and made under supervision of the Wine and Spirit Board, may be entered in the classes for Special Late Harvest, Noble Late Harvest and Blanc de Noir. The corresponding WS number must be stated on the entry form.

**Wines made under Wine and Spirit Board application as Noble Late Harvest, may only be entered in the Noble Late Harvest classes.**

10 In the cultivar classes, the wine must be made of at least **85%** from the specific cultivar and the corresponding WS or WSB numbers must, where applicable, be stated on the entry form. In cases where cultivar wines were not made under the control of the Wine and Spirit Board, the competitor must refer on the entry form to an acceptable and approved record keeping system kept by him in his cellar.

11 In the blended white and red wine classes (**classes 1 - 5, 25 - 29, 49 - 53**) only wines which are a **blend of two or more cultivars** may be entered and no cultivar may constitute **more than 85%** of the blend.

11.1 *In the other white/red muscat classes (**classes 91 + 92**) the blend can also include red and white cultivars.*

12 *Where two or more cultivars have been pressed together, the proportion of each cultivar must be indicated on the entry form.*

#### 13 OTHER CULTIVARS

Any cultivar which is mentioned in Table 1 of Regulation 2 of the Liquor Act (Act No 60 of 1989), for which there is no specific cultivar class, may be entered in classes **20 - 22, 36 - 42, 76 - 79** for other cultivars.

14 **Competitors may enter any number of wines in each class – quantity of entries per class is not restricted.**

In classes (**20 - 22, 36 - 42, 76 - 79**) for other cultivars and classes (**1 - 5, 25 - 29, 49 - 53, 85, 91 and 92**) for cultivar blends, the wines must be made of **various single cultivars or various blends**.

15 **Purchased wines may not** be entered for participation in the Young Wine Show and cellars which handle purchased wine must keep a complete record system, including supporting documents of the wines they enter.

16 *Participants must enter under the producer's name in the region as it is registered with SAWIS.*

Grape producers that make use of a winemaker and cellar in his own region, or in a region other than the region from which the grapes originate, may enter the wine under their own producer's name, if it is allowed by the specific region. If the region do not accommodate the producer, the producer may enter directly to the SANWSA.

17 The entered wines must be the product of the **2020 crop** and be made solely by the competing winery, in a cellar which must be registered with SAWIS for wine production.

18 Only wines (single cultivar and blends) which originally represented a single container with a capacity of at least **900 litres**, may be entered, with the following exceptions: in Classes **45 and 46** for Noble Late Harvest Wines the capacity of such containers must be at least **500 litres**. In the case of classes with noticeable wood character, the original volume of the entry must have been **900 litre** in a single container, and the sample entered must be representative of the

sodanige wyn(e) daarna teruggeplaas is na 'n enkel houër van **500 liter** of groter.

19 Wynne met 'n waarneembare houtkarakter (*ongeach op watter manier die karakter verkry is, hetsy deur bereiding in houtvate of deur die gebruik van alternatiewe houtprodukte soos houtpoeier, houtsaagsels, houtskaafsels, houtstukke of, houtekstrak*) mag slegs in klasse **2, 4, 7, 9, 15, 17, 19, 21 - 24, 37, 39, 41 - 42, 44, 46, 51 - 52, 55, 57, 59, 61, 63, 65, 67, 69, 71, 73, 75, 77, 79 - 85 en 92** ingeskryf word. Wynne in alle ander klasse sal gediskwalifiseer word indien dit volgens die meerderheid van die beoordelaarspaneel waarneembare houtkarakter openbaar. *Dit staan die deelnemer vry om 'n versoë aan die Tegniëse Komitee te rig vir ondersoek indien dispuut ontstaan, maar sodanige ondersoek sal nie noodwendig die besluit van die paneel kan verander nie.*

20 Die SANWSV behou homself die reg voor om enige wyne wat vir die SANWSV ingeskryf word, te mag kontroleer.

21 Inskrywings wat aan sekere ontledingsvereistes moet voldoen, sal deur 'n laboratorium deur die SANWSV aangewys, vir sodanige vereistes ontleed word en die uitslag van dié laboratorium sal as finaal beskou word.

22 Goud, silwer en brons meriete toekennings sal op grond van die beoordelaarspaneel se resultate gemaak word en slegs wyne met 'n goue toekenning sal vir die wisseltrofeë in die betrokke klas in aanmerking kom.

23 Die volgende kultivars word as **aromaties/muskaat-kultivars** beskou: Hanepoot, Muskaadel, Muskaat Ottonel, Gewürztraminer, Rhine Riesling/Weisser Riesling, Fernão Pires, Bukettraube, Morio Muskaat, Irsai Oliver.

24 Die aanbring van plakkers, logo's, merke of hangertjies op bottels wat verwys na Jongwynskou-deelname of -toekennings is verbode. Die inligting kan wel op die rugetiket aangedui word soos gekontoleer deur die Wyn en Spiritusraad. Die Etiketkomitee van die Wyn en Spiritusraad is dienooreenkomstig ingelig.

Oortreding van die reël sal lei tot opskorting van deelname aan die Jongwynskou vir 'n tydperk soos deur die SANWSV Raad bepaal sal word.

25 Die Raad behou homself die reg voor om deelname aan die skou te verbied indien wanvoorstelling of misbruik gemaak word van toekennings ontvang. Persone wat wil verwys na die SANWSV-toekennings of dit wil gebruik in advertensies, publisiteit of promosies, moet die toestemming van die Raad hê.

26 Die Raad sal, in sy diskresie, die panele van beoordelaars aanstel om die toekennings aan te wys. Die beoordeling van die Kampioenwyn sal deur 'n spesiale paneel (5 of 7 persone) wat deur die Dagbestuur aangewys word, beoordeel word.

**Die beoordelaars se beslissing is finaal en bindend op die deelnemers en geen korrespondensie sal gevoer word nie**

containers unless such wine was transferred to a single container of **500 litre** or larger.

19 Wines with a noticeable wood maturation character (*regardless of the manner in which the character was obtained, whether it be prepared in wooden barrels or via the use of wood products such as wood powder, wood chips, wood staves or wood extract*) may only be entered in **classes 2, 4, 7, 9, 15, 17, 19, 21 - 24, 37, 39, 41 - 42, 44, 46, 51 - 52, 55, 57, 59, 61, 63, 65, 67, 69, 71, 73, 75, 77, 79 - 85 and 92**. Any wine revealing a noticeable wood character in other classes will be disqualified if, according to the majority of the judges on the panel, it is clearly discernible. *Competitors are free to appeal to the Technical Committee for investigation if a dispute occurs, although such investigation will not affect the decision of the panel.*

20 The SANWSA reserves the right to check any wines entered for the SANWSA.

21 Entries, which must comply with certain analytical requirements, will be analysed by a laboratory appointed by the SANWSA for such requirements and this result will be final.

22 Gold, silver and bronze merit awards will be made by the panel of judges and only wines obtaining a gold award will be considered for the floating trophy in that specific class.

23 The following cultivars will regard as **aromatic/muscat cultivars**: Hanepoot, Muskaadel, Muskaat Ottonel, Gewürztraminer, Rhine Riesling/Weisser Riesling, Fernão Pires, Bukettraube, Morio Muskaat, Irsai Oliver

24 The application of labels, logos, marks or neck labels which refer to the Young Wine Show Awards is strictly forbidden. However the information may be put on the back label if checked with the Wine and Spirit Board. The Labelling Committee of the Wine & Spirit Board will accordingly be advised in this regard.

Breaking this rule will result in suspension from participating in the Young Wine show for a period as determined by the SANWSA Board.

25 The board retains the right to prohibit participation in the show, should complaints be received of misrepresentation or abuse of SANWSA awards received. Persons who want to mention or use the SANWSA awards for advertising, publicity or promotional purposes, must obtain permission from the SANWSA board.

26 The Board shall, in their discretion, appoint the panel of judges to determine award recipients. The judging of the SA Champion wine (Genl Smuts trophy) will be done by a separate panel (5 or 7 members) appointed by the Exco committee.

**The judges' ruling is final and binding on participants and no correspondence shall be entertained.**